

Coenie en Deon belê in die Karoo-sterre van toekoms

Julian Jansen

Deon Meyer en Coenie de Villiers se koffietafelboek oor die Karoo help reeds 12 jong boorlinge van dié gebied met hul uitgawes as studente. Nou is daar 'n opvolgboek.

"Ons was gelukkig genoeg om R1 miljoen uit die inkomste van die eerste boek te kon gebruik om jong mense met potensiaal in die Karoo te help," sê De Villiers. "Ons hoop om dit met die tweede boek ook te kan doen - al die wins van die luukse uitgawe gaan vir dieselfde doel."

"Karooag" is een van De Villiers se bekendste liedjies, terwyl Meyer se kortverhaalbundel met dieselfde titel in 2009 verskyn het.

Vier jaar gelede het hulle saam die verhoogproduksie *Karoo Suite* begin. Terselfdertyd het hulle die luukse koffietafelboek met dieselfde naam in samewerking met die Atterbury-trust gepubliseer. Net 1 000 van die boeke, met die skrywers se handtekening, is gepubliseer en baie gou uitverkoop. Die wins is gebruik om belowende

leerlinge van die Karoo te help. Onder hulle is 12 van Beaufort-Wes en Laingsburg wat beurse vir studie by die Universiteit Stellenbosch gekry het. Hulle is deur die US se projek Woorde Open Wêreld (WOW) geïdentifiseer.

Bernille Maarman (19) van Beaufort-Wes is nou 'n onderwysstudent in haar eerste jaar en inwoner van Huis Ten Bosch. Sy sê jong mense in die Karoo kry min blootstelling of selfs bekendstelling aan naskoolse studie en om aan 'n topuniversiteit te kan studeer, was haar kans van 'n leeftyd.

"Alles is moontlik gemaak deur my nuwe familie, die trust en die WOW-mense, mense wat werklik omgee en nie net geld beskikbaar stel nie. Hulle wil werklik hê ons moet uitstyg en 'n sukses van ons lewens maak. Daarom sal ek seker maak dat ek hulle én myself trots maak."

Fiorano Meshilinie (19), ook van Beaufort-Wes, studeer ontwikkeling- en omgewingstudies en wil eendag 'n po-

sitiewe verskil in ander se lewens maak, sodat die volgende geslag 'n beter Suid-Afrika kan erf. "Ek praat namens ons 12 as ek sê ons is diep dankbaar vir wat Coenie de Villiers, Deon Meyer, WOW en die Atterbury-trust vir ons gedoen het en steeds doen."

Benedicta Burger (19) van Nelspoort, naby Beaufort-Wes, het drie dae in 'n ry by die kollege vir tegniese en beroepsopvoeding gesit toe WOW haar bel en vra wat sy wil studeer. Sy swot nou teologie by Maties en wil in haar tuisdorp terugploeg en haar enkelma help.

Volgens Zahn Hulme van die Atterbury-trust ondersteun hulle die 12 Karoo-studente met uitgawes wat nie deur die nasionale finansiële hulpskema vir studente (NSFAS) gedek word nie. Dit sluit ekstra sakgeld in wat kan help met 'n buskaartjie huis toe, 'n doktersbesoek, toiletware of koffie by die Neelsie. Die trust verskaf ook die dienste van 'n lewensafrigter.

Die kaartjies vir *Karoo Suite 2* was vir

'Ek wil hulle én myself trots maak.'



Coenie de Villiers en Deon Meyer.

2020 uitverkoop, maar toe die pandemie toeslaan is alle vertonings gekanselleer. Meyer en De Villiers het voortgegaan met die nuwe boek, *Ons Karoo*. Hulle noem dit 'n "selfs mooier liefdesbrief aan die Karoo".

Volgens De Villiers het Meyer al jare gelede met sy eie uitreikwerk in Loxton begin. Nou is die projek soveel groter.

"Benevens die lekkerte om skerppe de werk op die verhoog en in publikasies die lig te laat sien, is dit 'n voorreg om te kan teruggee aan die mense van die streek. Soos Deon se eerste woorde in die verhoogproduksie dit wil hê: 'Ons is verknoeg aan die Karoo'."

"Ons hoop lesers sal die sterrenag met behulp van ons boek verken, meer van die landstreek te wete kom, die mense ontmoet om hul gasvryheid te ervaar en 'n Karoo-gereg voorberei."

Meyer het aan *Rapport* gesê met die droogte wat steeds in die Karoo voortduur, word die nood al hoe groter.

"Om só 'n bietjie reën in kinders uit die streek se lewens te bring en 'n verskil te maak, nie net vir hulle nie, maar ook vir die gemeenskap, is 'n voorreg."

In die boek is Meyer se verhale uit die verhoogproduksies, hoofstukke deur onder andere die sterrekundige prof. Matie Hoffman en die landboukenner prof. Johann Kirsten, asook foto's van Sarel van Staden en Maryna Cotton, fotografe wat al vir 'n voorblad van *National Geographic* gesorg het. Ook die Michelin-ster-sjef Jan Hendrik van der Westhuizen se reseep vir skaapstertjies en mieliepapvingers is daarin. Die boek is einde vandeeweke te koop en kan op karoosuite.co.za of by info@karoosuite.co.za bestel word.